BESKIKBAARHEID VAN DIE KONSEP OMVANGBEPALINGVERSLAG (KOBV) VIR PUBLIEKE KOMMENTAAR

VOORGESTELDE ONDERSESE TELEKOMMUNIKASIESTELSEL (EQUIANO KABELSTELSEL) WAT BY MELKBOSSTRAND OP DIE WESKUS VAN SUID-AFRIKA GELAND SAL WORD

Voorstander: Openserve (n Afdeling van Telkom SA SOC Bpk)

Hiermee word kennisgewing aan die publiek gegee van die voorgestelde installasie van 'n ondersese telekommunikasiekabel, bekend as die Equiano Kabelstelsel deur Openserve. Die Equiano Kabelstelsel is noodsaaklik om Suid-Afrika en die Weskus van Afrika met belangrike internasionale telekommunikasiemiddelpunte in Europa te verbind. As die aangewese Landingsvennoot van die Equiano Kabelstelsel in Suid-Afrika wil Openserve poog om die plaaslike permitte te verkry om die Equiano Kabelstelsel naby Melkbosstrand te land. Openserve, 'n afdeling van Telkom SA SOC Bpk, het die vereiste lisensies om hierdie stelsel in Suid-Afrika te bedryf.

Omgewingsmagtigingsproses

In terme van die OIS Regulasies, wat gepubliseer is onder die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur 1998 (Wet 107 van 1998) (WNOB; NEMA), (soos gewysig) benodig die voorgestelde ontwikkeling van die Equiano Kabelstelsel omgewingsmagtiging vir 'n aantal gelyste aktiwiteite in terme van die gelyste aktiwiteite in kennisgewing 1 (Nr. R. 327 van April 2017), kennisgewing 2 (Nr. R. 325 van April 2017), in terme van Artikel 24(2) en 24D van die WNOB vereis die onderneming van 'n Omgewingsimpakstudie (OIS; EIA) om omgewingsmagtiging te kry. Op grond van die huidige egulasies is die Nasionale Departement van Omgewing, Bosbou en Visserye (DOBV) die bevoegde owerheid vir die uitreiking van omgewingsmagtiging vir hierdie voorgestelde ontwikkeling.Indien 'n Watergebruiks lisensie vereis word, sal 'n aansoek in terme van Hoofstuk 4 van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998), veral Artikel 40(4), by die Departement van Menslike Nedersettings, Water en Sanitasie ingedien word.

Die Konsep Omvangbepalingverslag (KOBV) sal tydens die 30 dae van statutêre openbare kommentaar periode (12 Februarie 2020 tot 16 Maart 2020) by die volgende openbare plekke beskikbaar gemaak word in gedrukte en elektroniese formaat:

Lokaal	Straat	Kontak Persoon en Nommer
Koeberg Publieke Biblioteek	Merchant Walk, Duynefontein, Melkbosstrand, 7441	Ms. Roelda Brown 021 553 2514 roelda.brown@capetown.gov.za
Melkbosstrand Belastingbetalers Vereeniging (Ratepayers Association)	25 Jacobus Crescent, Duynefontein, Melkbosstrand, 7441	Mrs. Smokie La Grange 073 357 6359 duvall@mweb.co.za

Die volledige KOBV is ook beskikbaar op ACER se webwerf: www.acerafrica.co.za onder die skakel “Projects – Current Public Review – Openserve Equiano Cable System”.

Uitnodiging vir Kommentaar:
Om jou kommentaar in te dien of om verdere inligting in verband met die voorgestelde projek te bekom, kontak gerus die Openbare Deelname Kantoor voor 16 Maart 2020.

Carina Boonzaaier of Giles Churchill►
ACER (Africa) Environmental Consultants
Posbus 503, Mtunzini, 3867 ► Tel: 035 340 2715
► E-pos: equiano@acerafrica.co.za

Let asseblief daarop dat, in ooreenstemming met GNR 326, 42(a), 44 (1) en 19(1)(a) (7 April 2017), alle kommentaar wat ontvang word, in 'n verslag oor kommentaar en reaksies vervat sal word. Dit sal aan die bevoegde owerheid beskikbaar gestel word en as deel van die openbare oorsigproses van die OIS-verslae in die openbare domein geplaas word.

Datum van advertensie: 12 Februarie 2020